

Maandag

Esegiël 36: 24 – 30; Galasiërs 3: 2 – 5; 5: 13 – 26; 6:2. Teks Gal 5: 25 “Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit swig voor die begeertes van julle sondige natuur nie.” Tema: "Omdat God ons in sy liefde laat leef begeer ons nie God se goddelike krag nie." Die verskil tussen om deur die Gees te wandel en om te swig voor jou sondige begeertes, is soos die verskil tussen 'n seun en pa wat saamwerk en 'n pa en seun wat vir mekaar baas en arbeider is. (Gal. 4: 5-7) Wanneer 'n pa LIEF is vir sy seun, dan laat hy sy seun saam met hom werk. Pa bou en seun ry vir hom die sand, sement en klip met 'n kruit nader. Saamwerk gaan vir so 'n pa en 'n seun oor saamleef, net nog 'n manier waarop hulle met mekaar saam is. Wanneer 'n pa en seun BAAS en arbeider is, dan gee die pa die opdragte om die sand en sement met die kruit aan te ry en dan los hy sy seun om alleen te werk. Die ("BAAS")-pa doen dan ander goed, wat vir hom belangriker is as om saam met sy seun te wees. Wanneer pa en seun saamwerk om saam te wees, dan is dit wat jy vir hom doen, jy stoot die kruit. 'n Seun wat 'n arbeider moet wees omdat sy pa soos 'n baas bevele gee, wegloop en sy seun soos 'n arbeider los om kruit te stoot, gaan probeer om so gou as moontlik die werk klaar te kry sodat hy óók kan wegloop van die werk af. Daarom swig so 'n seun gewoonlik voor sy begeerte om sy pa se bakkie te vat, wat hy nie mag vat of ry nie, en hy maak die werk met pa se bakkie gou-gou klaar. Die vergryp om wederregtelik sy pa se bakkie te vat en te ry motiveer hy vir homself dat hy net sy pa se werksopdragte beter, deegliker en vinniger wil doen vir sy pa. Só wandel mense nie met God in sy liefde nie, maar maak sy goddelike krag en lewe hulle eie goddelike krag en lewe om só met God se krag (eerder die bakkie as die kruit) sy opdragte uit te voer. Wandel deur die Gees is kruit stoot. Maar swig voor jou sondige begeertes is bakkie-ry. Preek beskikbaar op Google by ngkekrlevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Esegiël 36: 24 – 30; Galasiërs 3: 2 – 5; 5: 13 – 26; 6:2. Teks Gal 5: 25 “Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit swig voor die begeertes van julle sondige natuur nie.” Tema: "Omdat God ons in sy liefde laat leef, begeer ons nie God se goddelike krag nie." Die Heilige Gees waarmee Christus ons toerus en kragtig onder ons werk (Gal. 3:5) is die Gees van Esegiël 36: 24 -30. Dit is die Gees waardeur Christus

- * ons as gelowiges uit alle volke bymekaar maak en deel van sy kerk maak,
- * ons van al ons onreinheid en afgodery bevry,
- * ons kliphart verwyder,
- * ons 'n nuwe hart gee,
- * sy Gees in ons gee wat sal maak dat ons sy geboorte gehoorsaam en
- * God met ons is en ons sy kinders met Hom laat wees.

Die Heilige Gees is die krag waardeur Christus hierdie Abrahamsbelofte in Esegiël 36 elke dag deel van ons lewe laat wees. (Gal. 3: 6 – 11) Die vrug van die Gees, liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Gal. 5: 22), is hoe Christus die belofte van 'n nuwe

hart waardeur ons God se gebooie onderhou, waarmaak in ons lewe. Daarom moet ons baie goed onderskei tussen die krag van Christus as Here (wat Hy in en vir Homself het) en die krag wat die Here aan óns gee. Die Heilige Gees is Christus se krag - nie ons krag nie. Hy werk kragtig deur die Gees in ons en rus ons toe met die vrug van die Gees. Dit is 'n heel ander krag as wat Hy in en vir Homself het as die Here. Die krag waarmee Christus ons toerus is menslike liefde (nie goddelike nie!), menslike vreugde (nie goddelike nie!), menslike vrede (nie goddelike nie!) menslike vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. (Dit alles is Christus se krag deur sy Gees om MENSLIKE deugde in ons te skep - nie goddelike deugde nie). Dit is die ontdekking wat ons moet maak oor dit wat die Bybel die vrug van die Gees noem: dit is die menslike krag wat Christus in ons gee, menslike deugdes, deur Christus se kragtige werking deur die Heilige Gees. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Esegiël 36: 24 – 30; Galasiërs 3: 2 – 5; 5: 13 – 26; 6:2. Teks Gal 5: 25 “Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit swig voor die begeertes van julle sondige natuur nie.” Tema: “Omdat God ons in sy liefde laat leef, begeer ons nie God se goddelike krag nie.” Die krag wat Christus ons gee, die vrug van die Gees, is menslike krag vir die menslike dienswerk wat die Tien Gebooie voorskryf: Gal. 5: 13, 14: “dien mekaar in liefde. Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: Jy moet jy naaste liefhê soos jouself.” en 6: 2 “Dra mekaar se laste, en gee op hierdie manier uitvoering aan die wet van Christus.” Die krag wat die Here ons gee om diensbaar te leef volgens sy wet, is altyd menslike liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Dit is die Gees wat die Here vir sy kinders beloof het in Esegiël 36:7: “Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.” Die vrug van die Gees is hierdie menslike krag, menslike deugde, wat God in ons skep om sy wet te gehoorsaam. Die Here gee/skep in ons hierdie lewenshoudinge van liefde tot selfbeheersing, om vir Hom kruise te stoot, omdat ons saamwerk en saamleef. Kruisastoot is moeilik, maar dit is ons trots en eer om saam met God ons Vader te werk vir wie ons sy trots en sy liefde as sy kinders is. Daarom is diensbaarheid volgens die wet (kruisastoot) ons vreugde en liefde; stoot ons kruise met geduld en vriendelikheid; vat ons kruisastoot goedhartig op; bly ons getrou kruisastoot al is ons moeg; stoot ons kruise selfbeheersd al is dit 'n gesukkel en stoot ons kruise met vrede en nederigheid. God se saamwees met ons, sy wandel met ons, skep in ons die krag om saam te werk en saam te leef. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Donderdag

Eseg. 36:24 – 30; Gal.3: 2 – 5; 5:13 – 26; 6:2. Teks Gal 5: 25 “Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit swig voor die begeertes van julle sondige natuur nie.” Tema: Omdat God ons in sy liefde laat leef, begeer ons nie God se goddelike krag nie.” Wie met God wandel, gee uitvoering aan die wet van Christus. Hy stoot

kruwa. Gal. 6:2. Wie ónder die wet van God leef, swig voor hulle sondige natuur. Gal.5: 16. "Onder die wet" werk die Tien Gebooe heeltemal anders as wanneer die Tien Gebooe die wet van Christus is. (Rom. 8:2) Dit is wanneer 'n seun se pa sy BAAS word en hy sy pa se werknemer word. Só leef 'n seun ónder die wet. Jy leef nie meer in die liefde en trots van God jou Vader nie en God los jou alleen om jou werk te doen. Dit is om alleen kruwa te stoot - sonder jou pa wat saam is. Omdat sy pa se saamwees weg is, verloor so 'n seun sommer dadelik al sy liefde, vreugde, geduld en vriendelikheid. Wie só onder die wet leef, swig voor hul sondige natuur. Hierdie swig is soos 'n seun wat alleen kruwastoot en dan sy pa se bakkie, waarmee hy nie mag ry nie, raaksien. Wat is beter? Om die hele dag te sukkel met 'n kruwa (maar jou Pa is saam met jou) of om (omdat jou Pa weg is) met daardie bakkie waarmee jy nie mag ry nie, gou-gou alles klaar te maak? Swig voor die begeertes van jou sondige natuur beteken om vir God alles wat Hy vra kamstig beter te doen met God se eie goddelike krag, se eie goddelike naam en lewe. Dit is die nuwe valse geestelikheid van die hele Pinkstergodsdiens: hulle laat gelowiges swig voor hulle sondige natuur deur te preek dat kruwa stoot is 'n lewe sonder God en dat mense beter sal bid, kerk toe gaan en God sal kan dien, met God se bakkie (God se goddelike krag). Hulle probeer met Pinkstertyd gelowiges laat swig om die vrug van die Gees wat MENSlike deugde gee te minag as te swak vir diens aan God sodat hulle God se bakkie moet vat: hulle moet God se Eie goddelike krag en lewe ontvang asof dít die nuwe gawe van Pinkster is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Eseg. 36:24 – 30; Gal.3: 2 – 5; 5:13 – 26; 6:2. Teks Gal 5: 25 "Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit swig voor die begeertes van julle sondige natuur nie." Tema: "Omdat God ons in sy liefde laat leef, begeer ons nie God se goddelike krag nie." Die vrug van die Gees in gelowiges is totaal iets anders as die geestelike vertoon van ongelowiges. 'n Seun wat saam met sy pa werk, werk vriendelik, goehartig, vol vreugde en met geduld, volharding en selfbeheersing. Met die kruwa stoot, wys hy sy trots en eer om saam met sy pa te werk. 'n Laerskool seun wat in die straat rondry met sy pa se bakkie gee met vriendelikheid, blydschap en vreugde 'n magsvertoon. Met daardie glimlag en opgewondheid wys hy hoe lekker dit is om wederregtelik sy pa se krag, sy eie krag te maak en as sy eie krag te vertoon. Met sy vriendelikheid vertoon hy sy magtigheid om sy pa te minag met sy wetteloosheid. Die vrug van die Gees in gelowiges wys diensbaarheid volgens God se wet. Vir die sogenaamde geestelikes is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing, die sigbare uitbeelding van goddelike mag, krag en lewe binne in hulle. Maar die menslike deugde wat die Gees in gelowiges skep, is 'n lewenshouding van diensbaarheid - nie 'n uitstalling van goddelike krag, mag en lewe nie! Pinksterfees in die moderne Christelikheid het die fees van die mens se sondige natuur geword - dit het 'n duiwelse fees geword! Dit het die fees geword waar al die geestelikes en predikers van Christus 'n afgod maak – die afgod wat jou God se goddelike krag en lewe gee om uit te beeld. In hulle

afgodsdiens het Jesus gekom om jou God se bakkie, sy goddelike krag, te gee sodat jy die sonde van Gen.3: 5 met deugde moet uitbeeld. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds Petrus.